# NG Gemeente Hartenbos

NG Gemeente Hartenbos
SKYN JESUS SE LIG

Biddend Opofferend Inklusief Gehoorsaam Deernisvol Eietyds Gasvry

✓ *Geanker in Jesus, die Ligbron*
✓ *Sodat die wêreld sy Lig kan sien wanneer ons Jesus se gesindheid en voorbeeld teenoor almal uitleef.*

## SONDAG 2 MAART 2025
## Baie welkom by ons Eredienste
## 1ste Lydensweek

| | |
|---|---|
| **08:00** | **Erediens - Doopbediening: Ds. Divvie van Niekerk** |
| **08:15** | **Kategese: Kuikens & Gr. 1 – Gr. 6** |
| **10:00** | **Erediens – Belydenis van Geloofaflegging: Ds. Johan Engelbrecht** |
| **16:30** | **Kategese: Gr. 7 – Gr. 11** |

***Sinodale Kollekte:* *Gemeentebediening***

**NA AFLOOP VAN 1STE EREDIENS:**

- **KUIER SAAM & TEEBEDIENING:** Ons Gasvryheid diensgroep nooi elkeen om 'n koppie tee / koffie saam te kom geniet in die Binnehof.

- **POEDING vir MADAGASKAR:** Ondersteun asb. die Getuienis diensgroep met die verkoop van poeding ten bate van Madagaskar Sending.
  Prys: R10 per bakkie.

- **BASAAR GAZEBO: Ontmoet weekliks** ons sameroepers en basaarspan…
  **Skakel in as helper** by ons basaar-tafels – gee jou besonderhede deur…
  **Skenkings vir ons Basaarspens** kan hier afgegee word, asook beloftes van tuisgebakte produkte (koeke, terte, brode & beskuit)…

## PROGRAM VIR DIE WEEK
## 3 - 8 Maart 2025

- **Maandag, 3 Maart 2025:**

| | | |
|---|---|---|
| **06:00 – 07:00** | **Gebedsgeleentheid** | **(Jeuglokaal)** |
| **17:30** | **Kerkkoor oefening** | **(Kerkgebou)** |

- **Woensdag, 5 Maart 2025:**

| | | |
|---|---|---|
| **08:30** | **Kospakkie uitreiking** | **(Jeugsentrum)** |
| **09:00** | **Mannebybelstudie** | **(Jeuglokaal)** |
| **18:00** | **As-Woensdag Erediens** | **(Kerkgebou)** |

- **Vrydag, 7 Maart 2025:**

| | | |
|---|---|---|
| **10:00** | **Wêreldbiddag vir Vroue** | **(Kerkgebou)** |

## *SPESIALE VERJAARSDAE VIR DIE WEEK*
### *80 JAAR EN OUER…*
### *BAIE geluk en 'n mooi jaar word u toegewens!*

| | | |
|---|---|---|
| 2 Maart | Pierre van der Merwe | (Hartenzicht) |
| 3 Maart | Etta de Villiers | (Pelikaansingel) |
| 3 Maart | Johan Vlok | (Seesig) |
| 6 Maart | Jan Kuyler | (Hartenrus) |
| 8 Maart | Annalie Clarke | (Hartenrus) |
| 8 Maart | Johan Kruger | (Nic Meyerstr) |
| 8 Maart | Ingrid Sharpe | (Jooste Steynbergstr) |

## *MET INNIGE MEEGEVOEL*
## *In ons gebede en harte dink ons aan:*

- Rosenstrauch-Familie met die afsterwe van Weem Rosenstrauch.
  (Villa Pirogue)

***IN ONS GEBEDE…***

**Indien voorbidding nie meer verlang word nie,**
**kontak asb. die kantoor of WVT van die wyk**
**om die naam van die lys af te haal. (044 695 0440)**

- Martha le Roux (Roodewalweg)
- Hannes Kriel (Bolandweg)
- Johann Posthumus (Hartenrus)
- Ferdie Viljoen (Fonteinepark)
- Eldorette Snyman (Kieriehoutstr)
- Johan van Biljon (Pelikaansingel)
- Isabel Cronje (Hannes Pienaarstr)
- Gerrie Marais (Shawusstr)
- Emsie Viljoen (Seesig)
- Johan Kotze (Spioenkopweg)
- André Morrisson (Heuwelsrust)
- Joey Spamers (Renosterbos)
- Archie Vorster (Alikreukel)
- Harry Gird (Bloukransweg)
- Lily Barnard (Italenielaan)
- Daphne Tromp (Steinbergstr)
- André Smit (Aura Aesta)
- Rika Jacobs (Sekretarisvoëlstr)
- Johan Uys (Musselcreek)
- Nellie Kotzé (Roodewalweg)
- Heléne Hanekom (Boomplaatsweg)
- Bessie Erasmus (Hannes Pienaarstr)
- Terry Terblanche (Hendrik Herbststr)
- Braam Fourie (Stellenboshweg)
- Blommie Botha (Goukammastr)
- Sannie van Niekerk (Winburglaan)
- Ryma van Rooyen (Kameeldoringlaan)
- Willie Barnard (Fisantstr)
- Janet Richardson (Seemeeuhoogte)
- Buks Brits (Seemeeupark)

- Henry Horne (Bloukransweg)
- Jannie La Cock (Klapperboslaan)
- Danie Muller (Swellendamlaan)
- Louwtjie van Zyl (Ystervarkstr)
- Sarie Smit (Berthold Alheitstr)
- Jan Vermaak (Seemeeu Hoogte)
- Hannelie Visser & Annelien van der Merwe
- Thysie van Wyk (Fisantstr)
- Mariaan van den Heever (Seesig)
- Christa en Johan Barkhuizen (Swellendamlaan)
- Desirée du Plessis (Bolandweg)
- Doy Krause (Hartenzicht)
- Kat Knoesen (Berthold Altheitstr)
- **Siekes en Bejaardes in die Versorgingsentrums**

## *WELKOM AAN ONS NUWE LIDMATE*

***Dis lekker hier by ons….***

## *GEMEENTENUUS & DIENSGROEPE & ADMINISTRATIEF*

- **AS-WOENSDAG: 5 MAART 2025**
  Daar het in die geskiedenis baie mooi tradisies rondom lydenstyd ontstaan. Een van die mooi gebruike is om ongeveer sewe weke voor Goeie Vrydag (40 dae voor Paassondag, die Sondae uitgesluit) met 'n dag van verootmoediging weg te spring… Gedurende Lydenstyd fokus ons op Christus se pad na die kruis, en ook op ons eie gebrokenheid – die plekke in ons lewens waar sonde 'n houvas op ons lewens het. Baie mense vas van iets tydens hierdie tyd om hulle geestelik skerp te maak, om beter te kan onderskei wat hierdie areas is, en om op Christus se lyding, kruisiging en opstanding te fokus.

Op **Woensdagaand 5 Maart** om **18:00** is daar 'n spesiale meditatiewe erediens waartydens ons ook die nagmaalstekens gaan gebruik en simbolies die kruis van Jesus gaan opneem, al is dit net in die vorm van 'n kruisie op die hand of voorkop.
Ons gaan uittreksels uit die lydingsverhaal lees, prente van Jesus se lyding in ons gemoed bevestig, musiek gebruik om stil te word, en ons verootmoedig.
Hierdie spesiale erediens vind om **18:00** in die kerkgebou plaas.

- **Stiltetydboekie vir Lydenstyd:**
  Die Gemeente stel weer vanjaar 'n stiltetyd boekie as 'n spesiale geskenk beskikbaar vir die Lydenstyd. Hierdie boekie bevat daaglikse stilword oordenkinge vanaf As-Woensdag (5 Maart 2025) tot en met Paassondag (20 April 2025).
  **Die boekies sal as 'n bundel beskikbaar gestel word vanaf Sondag 23 Februarie na afloop van die eredienste, maar sal ook digitaal beskikbaar wees.**
  Navrae: Kerkkantoor of ds. Johan Engelbrecht.

- **WêRELDBIDDAG VIR VROUE: Vrydag, 7 Maart 2025**
  ALLE vroue word uitgenooi na ons **Wêreldbiddag vir Vroue byeenkoms** op **Vrydag, 7 Maart 2025** om **10:00** in die **kerkgebou**. Kom neem deel aan 'n heerlike gebedsavontuur. ***Vir navrae: Christa Faasen (082 662 5110)***

- **FAMILIE-ONTBYT: Saterdag, 15 Maart 2025**
  Kom geniet saam 'n gesellige familie-ontbyt, 'n spesiale geleentheid met lekker kos en kuier aangebied deur ons eie Gasvryheid diensgroep!!
  **Tyd: 09:00 vir 09:30.**
  **Prys: Volwassenes: R80-00 en Kinders onder 10 jaar: R40-00.**
  Koop jou kaartjies by een van die Gasvryheidslede of kontak vir Rina van Tonder (079 690 3472) om jou kaartjies te koop.

- **NA-HARTE-LUS BASAAR: Saterdag, 5 April 2025:**
  Kom kuier vanjaar saam met familie en vriende by ons feestelike **NA-HARTE-LUS BASAAR** vir lekker eet, gesels, musiek en vele meer na-harte-lus… **Ons basaar begin om 09:00… Allen Green en sy orkes** kuier vanjaar weer saam!!
  EN… Vanjaar spog die teetuin met 'n **modeparade** aangebied deur **PEBBLES vanaf 10:30…**
  ***Kom vroeg, koop jou basaarkaartjies en geniet saam NA-HARTE-LUS!!!***

- **<u>Basaartafels & Sameroepers</u>**: ***(KONTAK die sameroeper om hulp aan te bied)***

| | | |
|---|---|---|
| Kerrie & Rys | Lynette Visser | 082 851 5244 |
| Worsbroodjies & Sosaties | Leon Viviers | 076 774 3808 |
| Knypkoek | Heleen Coetsee | 082 454 5724 |
| "Chips & Chicken strips" | Gerhard van Zyl | 084 812 4016 |
| Pannekoek | Anneline Meyer | 078 581 3715 |
| | Mien Strydom | 082 398 9903 |
| Poeding | Anette Ferreira | 083 426 6062 |
| Tuisgebak: Soet & Sout | Esté Hugo | 082 686 5212 |
| | Gussie Terblanche | 082 856 8636 |
| Brode & Beskuit | Rita Smit | 078 881 9009 |
| Padstal | Niekie Puren | 072 408 0208 |
| Vleistafel | Kobus van Tonder | 082 468 7699 |
| Teetuin | Juliana Jonck | 079 552 9066 |
| Wit Olifant | Ronell Swart | 082 990 6856 |
| | Rina van Tonder | 079 690 3472 |
| Handwerk | Jeanette Meiring | 082 794 4608 |
| Plante | Sias Coetsee | 082 821 7164 |
| Jeug | Carla Jv Vuuren | 082 637 0507 |

- **<u>Basaarspens</u>**: ***(bring produkte saam kerk toe of gee by die kantoor af)***
  koekmeel, suiker, olie, bakpoeier, rys, vla, "idealmelk", kondensmelk, jellie, blikkies ingelegde vrugte, versiersuiker, gekookte kondensmelk, vermicelli, tamatiesous, blatjang, blikkies tamatie & uiesmoor, ens.

- **<u>Tafel Tuisgebak:</u>**
  Tyd om te spog met jou eie gunsteling tuisgebak: koeke (enkel- & dubbellaag), terte (soet en sout), koeksisters, muffins, kleinkoekies, pasteie, tuisgemaakte lekkers, ens. ***Kontak Este Hugo (082 686 5212)*** of ***Gussie Terblanche (082 856 8636)*** om jou skenking op die lys te plaas.

- **<u>Tafel Brode & Beskuit:</u>**
  'n Verskeidenheid van beskuit, brode, skuinskoek ens. word benodig. ***Kontak Rita Smit (078 881 9009)*** om jou skenking op die lys te plaas.

- **<u>Poeding Tafel:</u>**
  Skenkings van koue poedings en gebakte poedings word benodig. ***Kontak Anette Ferreira (083 426 6062)*** om jou skenking op die lys te plaas.

- **Teetuin:**
  Skenkings van dubbellaag koeke, soutterte, quiches word gevra. ***Kontak Juliana Jonck (079 552 9066)*** om jou spog produk aan te bied!

- **Padstal:**
  Vra skenkings van enige vars groente en vrugte, produkte wat gebottel is (konfyt, ingelegde vrugte, blatjang), heuning, biltong, gemmerbier, ens… ***Kontak Niekie Puren (072 408 0208)*** om jou skenking aan te bied.

- **Wit Olifant:**
  Tyd vir kaste regpak en uitgooi… Wit Olifante vra skenkings van enige bruikbare huishoudelike items vanaf die kombuis tot in die badkamer, kinder speelgoed, ens… Vra sommer ook vir pa om die "garage" skoon te maak en bruikbare items vir die Wit Olifant tafel te skenk. ***Kontak Ronell Swart (082 990 6856)*** indien meer inligting benodig word.

- **Handwerktafel:**
  Dis tyd om te spog met jou kuns en handwerk vernuf!! Breiwerk, naaldwerk, houtwerk, ens… ***Kontak Jeanette Meiring (082 794 4608)*** om jou skenking op die lys te plaas.

- **"Chips & Chicken Strips" Tafel:**
  BENODIG 'n **GAS CHIPS BRAAIER** om te gebruik op die basaardag!! Persone wat kan help met hierdie behoefte, kontak vir ***Gerhard van Zyl (084 812 4016).***

- **BLOMMERANGSKIKKING:**
  Persone wat die gawe ontvang het om blomme te rangskik en 'n passie daarvoor het, word asb. deel van ons "Blombedienings-groep". Skakel asb. met **Daleen Puren (072 651 6227)** en ons vertel jou meer.

- **TOERUSTING & BEMAGTIGING DIENSGROEP:**
  Die Toerusting & Bemagtiging diensgroep benodig lede om by die diensgroep betrokke te raak. Daar is baie opleiding en ontwikkelings behoeftes op verskillende terreine in die Gemeente wat aangespreek moet word. Gegewe die feit dat die Gemeente geseën is met 'n ryke poel van lidmate met baie ervaring en wysheid, word 'n ernstige versoek gerig aan lidmate met 'n passie vir opleiding en ontwikkeling om navore te kom om hierdie leemte aan te spreek. Kontak asb. die kantoor as u belangstel.

- **SELGROEPLEIERS:**
    - **Johan Engelbrecht** **082 372 6729**
      Jong gesinne, Sondae, 18:15, telkens by ander huis.
    - **Kobus Breyl** **082 372 7085**
      Elke 2de Donderdag, 15:30, telkens by ander huis.
    - **Eric Botha** **082 780 2066**
      Woensdag, 09:00, Monte Christo
    - **Japie Jordaan** **083 788 8088**
      Elke 2de Woensdag, 15:00, Monte Christo
    - **Floris Lordan** **083 654 7299**
      Donderdag, 18:00, Bayview
    - **Kotie & Lina van den Berg** **083 258 4860**
      1 keer per maand, Monte Christo

- **BYBELSTUDIEGROEPLEIERS:**
    - **Annette & Arnold Olivier** **084 247 2734** **(Manne & Vroue)**
      Elke 2de Dinsdag, 15:30, Bardolino 13
    - **Sanet Breet** **073 194 2132** **(Vroue)**
      Donderdag, 09:30, Hartenbosheuwels
    - **Marina Olivier** **083 270 6731** **(Vroue)**
      Woensdag, 09:00, Bulhoeklaan 9
    - **Sonja Etsebeth** **083 459 8861** **(Vroue)**
      Woensdag, 09:30, telkens by ander huis
    - **Helen Posthumus** **083 302 9695** **(Vroue)**
      Woensdag, 09:45, Heuwelsrust 14
    - **Christa Faasen** **082 662 5110** **(Manne & Vroue)**
      Maandag, 09:30, Deoville Park
    - **Efraim van Rooyen** **083 307 2391** **(Manne & Vroue)**
      Dinsdag, 09:00, Jeuglokaal
    - **Joan Kock** **079 706 8492** **(Vroue)**
      Woensdag, Monte Christo
    - **Lorraine Wiehman** **072 741 6300** **(Vroue)**
      Bayview
    - **Nico Olivier** **082 562 5327** **(Manne)**
      Woensdag, 09:00, Jeuglokaal
    - **Johann Posthumus** **083 670 4128** **(Manne & Vroue)**
      Hartenrus
    - **Dawie Botha** **083 321 5899**
      Elke 2de Woensdag, 18:15

- **<u>DIENSGROEPE – KOM RAAK BETROKKE!!</u>**

  ***Kontak asb. die betrokke diensgroepleier en raak betrokke:***

| | | |
|---|---|---|
| **Strategies:** | Des Sampson | 082 651 2006 |
| **Kommunikasie:** | Hélène Reyneke | 066 116 2701 |
| **Erediens:** | Christiaan Pauw | 082 557 4328 |
| **Toerusting & Bemagtiging:** | Hester van der Merwe | 072 892 4362 |
| **Nuwe Lidmate:** | Wally Fraser | 082 447 9487 |
| **Gasvryheid:** | Rina van Tonder | 079 690 3472 |
| **Diaconia:** | Herman Bosman | 072 242 9372 |
| **Getuienis:** | Unis Oosthuizen | 082 522 0961 |
| **Jeug:** | Carla Jv Vuuren | 082 637 0507 |
| **Finansies:** | Herman van Zyl | 082 458 0475 |
| **Eiendom:** | Kobus van Tonder | 082 468 7699 |
| **Personeel:** | Des Sampson | 082 651 2006 |

- **<u>GETUIENIS DIENSGROEP:</u>**

  By hierdie diensgroep help ons die gemeente mobiliseer om die Groot Opdrag uit te voer en ingelig te wees oor ons sendelinge en getuienisprojekte ten einde beter mee te leef. ***Ons kort nog lede uit die jonger garde!!!... Is dit nie dalk JY nie? Vir meer inligting, kontak vir Unis Oosthuizen (082 522 0961).***

- **<u>KOSI BAIA: Dinsdae & Vrydae</u>**

  *Kosi Baia BEDANK almal wat so getrou skenkings bydra, sonder hierdie skenkings kan ons nie ons deure oophou nie. Goeie kwaliteit klere, beddegoed, breekware, ens. word weekliks ontvang. BAIE BAIE DANKIE!!*

  Kosi Baia is altyd oop vanaf **09:00 – 15:00 elke Dinsdag en Vrydag!!**

  **Skenkings** van klere, skoene, breekware, gordyne, beddegoed ens. word gevra.

  *Met groot trots kondig ons aan dat Kosi Baia OOK MEUBLEMENTE verkoop!!*

  Indien aflewering / vervoer benodig word, kontak asb. vir **John van der Merwe (082 563 8839)** om reëlings te tref vir die optel daarvan.

  **Nuwe HANDE word altyd benodig!! Kom sluit gerus aan** by hierdie aksie van ons Diaconia Diensgroep!

- **<u>SOP VIR SONSKYNVALLEI:</u>**

  *Geliefdes, julle skenkings van bevrore sop en droë bestanddele word in Sonskynvallei deur sopkombuisies aangewend om geurige voedsame sop aan sowat 60 kinders daagliks na skool te voorsien. Almal daar is baie dankbaar dat Jesus se Lig ook daar skyn. Baie dankie aan al ons sopkokers! Ons het jou hulp*

*ook nodig, skenk bestandele of kontant. Kontak Janete Bosman (082 455 6147) vir meer inligting.*

- **UITNODIGING – VAKANTE WYKE!**
  **Kom skyn Jesus se lig in 'n wyk!** Word 'n wykverteenwoordiger.
  Wat behels dit?
  - Kommunikasie met die lidmate.
  - Verhoudings bou met die mense.
  - Geestelike versorging van die lidmate in sy/haar wyk saam met die Blokleier.

  As jy belangstel gee asb. jou naam vir een van die dominees. **Vir meer besonderhede oor vakante wyke – loer asb. na die inligtingsbord in die binnehof oor die verskeie vakante wyke.**

- **DANKOFFERS INBETALING:**
  ***ALLE dankoffers inbetaling*** *(koevert & EFT & Debietorders)* ***MOET asb.*** *die volgende verwysingsno gebruik:* ***WYKNR + VAN.***

- **BANKBESONDERHEDE:**
  ***NG Kerk Hartenbos, ABSA Tjekrekening: 2070580015.***

- **WEBTUISTE:**
  Besoek **www.ngkhartenbos.com en ontdek ons Gemeente!!**

- **SELFOON TOEP (APP):**
  Vind die kalender, weeklikse gemeentenuus of daaglikse boodskap op ons gemeente toep!! Jy kan ook by die gebeeldstroomde 10:00 erediens op 'n Sondag m.b.v. die toep inskakel. Gaan laai die toep af by Google Playstore of Apple se App Store. En as jy hulp nodig het, skakel asb. die kerkkantoor of vir Hélène Reyneke (066 116 2701)

- **<u>NG GEMEENTE HARTENBOS GEMEENSKAP (WhatsApp-Groep)</u>**
  - **Weeklikse Gemeentenuus**
    (Gemeentenuus word Vrydae gestuur)
  - **Gebedsgroep**
    (Gemeente versoeke & versoeke vanaf sending instansies)
  - **Gemeente Stories**
    (Foto's & Videos van aktiwiteite wat by die kerk gebeur)
  - **Helpmekaar**
    (Gee & Ontvang)
  - **Vlytige Hande**
    (Vrywilligers wat hulp aanbied, o.a. troosdiens teebediening)
  - **Kerkbode**
  - **Kaapkerk Vrydagnuus** (Sinode)

SCAN ME

## *NUUS VANUIT HARTENBOSGRENSE…*

- **<u>GIDEONS VRIENDE ONTBYT</u>: Donderdag, 13 Maart 2025**
  Kom kuier saam!! Op **Donderdag, 13 Maart 2025** om **06:30 vir 07:00** by die **Stadsaal** (Mosselbaai). Wie's genooi? Jy, jou eggenoot, jou besigheid vennoot of Christen vriende. Almal welkom!
  ***RSVP per whatsApp: 3 Maart 2025 by 084 500 7667.***
  <u>Doel:</u> ***Bekendstelling van projek om 7000 Bybels in ons omgewing te plaas.***

**Maart 2025** **NG GEMEENTE HARTENBOS**

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2<br>**1ste LYDENSWEEK**<br>08:00 Erediens<br>10:00 Erediens<br>**BELYDENISAFLEGGING - 10:00**<br>**Kategese**<br>***Sin. Kol.: Gemeentebediening*** | 3<br>**06:00 Gebedsgeleentheid** | 4 | 5<br>**08:30 KOSPAKKIE UITREIKING**<br>**AS-WOENSDAG**<br>**18:00 EREDIENS** | 6 | 7<br>**WêRELDBIDDAG VIR VROUE**<br>**GETUIENISFOKUS-NAWEEK** | 8<br>**WêRELDBIDDAG VIR MANS**<br>**GETUIENISFOKUS-NAWEEK** |
| 9<br>**2de LYDENSWEEK**<br>**GETUIENISFOKUS-NAWEEK**<br>08:00 Erediens<br>10:00 Erediens<br>**Kategese**<br>***Spes. Kol.: Getuienis Plaaslik*** | 10<br>**06:00 Gebedsgeleentheid** | 11 | 12<br>**17:00 WVT BYEENKOMS** | 13 | 14 | 15<br>**FAMILIE ONTBYT** |
| 16<br>**3de LYDENSWEEK**<br>**NAGMAALVIERING**<br>08:00 Erediens<br>10:00 Erediens<br>**Kategese Afsluiting**<br>***Sin. Kol.: Eljada Nasorg*** | 17<br>**06:00 Gebedsgeleentheid** | 18 | 19 | 20 | 21<br>**MENSEREGTEDAG** | 22 |
| 23<br>**4de LYDENSWEEK**<br>08:00 Erediens<br>10:00 Erediens<br>***Sin. Kol.: Biblia, Hawesending*** | 24<br>**06:00 Gebedsgeleentheid** | 25 | 26 | 27<br>**17:00 BASAARVERG.** | 28<br>**SKOLE SLUIT** | 29 |
| 30<br>**5de LYDENSWEEK**<br>08:00 Erediens<br>10:00 Erediens<br>***Spes. Kol.: Diaconia Plaaslik*** | 31<br>**06:00 Gebedsgeleentheid** | **1 PETRUS 4:8-10**<br>**Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. (Diensgroep: Gasvryheid)** | | | | |